
# Hoe kommunikeer ons as ons nie kan sien nie?

Mense wat blind is en nie kan sien nie, gebruik die

## Braille-alfabet

wanneer hulle lees en skryf.



Die Braille-alfabet bestaan uit opgehewe knoppies op die papier wat jy met jou vingerpunte kan voel. Wanneer mense wat Braille ken, hulle vingerpunte oor die knoppies beweeg, kan hulle die woorde "lees". 'n Man met die naam Louis Braille, wat nie kon sien nie, het die Braille-alfabet uitgevind.

